



DIE HOËR TEGNOLOGIESE SKOOL

John Vorster

Geregistreer as 'n nuwsgewende organisasie
REG NO: 023-864-NPO

Posbus 31714
TOTIUSDAL
0134

Meyerstraat 1072
Rietfontein
Webblad: www.htsjohnvorster.online

Tel : 012 332 1760/1/2

E-POS adresse:

info@htsjv.co.za
finansies@htsjv.co.za
dissipline@htsjv.co.za
adowd@htsjv.co.za
sias.botha@htsjv.co.za

19 Oktober 2020

OUEROMSENBRIEF 19 VAN 2020

Beste JV-ouers/-voogde

Ek gee graag die volgende paar reëlins aan u deur:

1. SKOOLPROGRAM

Die skool sluit vir die einde van die kwartaal op 23 Oktober 2020 om 13:15. Die rooster vir die dag is 4A soos op die vorige dagrooster vir u aangedui. **Moet asseblief nie u kind vroeër kom uitteken nie: die volledige rooster vir die dag word gevolg.**

Die skool begin dan weer op Maandag, 2 November met dag 4B. Ek heg die **nuutste dagrooster vir November** hierby aan.

Die rooster strek tot 13 November, aangesien die leerders op 16 November met hulle finale eksamens begin. Leerders ontvang op 14 Desember hulle rapporte.

2. AKADEMIESE SAKE

2.1 Gr 12-leerders

Sterkte aan die gr. 12-ouers wie se kinders op 5 November 2020 voluit met die Nasionale Senior Sertifikaat eksamen begin. Ons vertrou dat hulle deeglik voorbereid is en hard sal werk om van hierdie mylpaal ook 'n groot sukses te maak.

Hierby aangeheg is 'n **akademiese bestuursplan** waarby alle gr. 12-leerders kan inskakel. Maak asseblief gebruik van die geleentheid.

2.2 Gr. 8- tot 11-leerders

Die laaste eksamen vir die jaar begin op 16 November 2020. Ek heg by hierdie skrywe vir u ook die **voorlopige eksamenroosters** vir elke graad vir u aan. U sal 'n meer gedetailleerde rooster volgende kwartaal ontvang. Daar is ook spesifieke reëlins betreffende die **tye, hekke en skanderingspunte** wat ek vir u aanheg. Bestudeer dit asseblief deeglik ten einde die veiligheid van u kind binne en buite

die skoolterrein te verseker.

2.3 RAPPORTE

Graad 12-leerders ontvang hulle rapporte op 19 Oktober.

Die res van die leerders ontvang hulle rapporte onderskeidelik op 22 Oktober (groep B) en 23 Oktober (groep A).

2.4 Ekstra klasse

Vanaf Woensdag, 7 Oktober het die ekstra klasse vir grade 8 tot 11 weer 'n aanvang geneem. Ek versoek u dringend om u kind van hierdie geleentheid gebruik te laat maak om sodoende ook hulle beste prestasie te verseker.

3. AANMELDINGSVERSLAE

Die leerders se laaste aanmeldingsverslae vir die jaar sal op 10 November aan die leerders versprei word.

4. LEERDERVOORKOMS

Hiermee net 'n vriendelike herinnering dat alle voorkomsreëls steeds van toepassing is. Ook regdeur die eksamen. Kontroleer asseblief op 'n daaglikse basis dat u kind 100% korrek geklee is en dat die hare, baarde en ander in lyn is met die skoolreëls.

'n Hartlike woord van dank aan die ouers van die leerders wat ons elke dag deur 'n ring kan trek.

5. BEGROTING

Die geprojekteerde begroting vir 2021 sal vanaf Dinsdag, 20 Oktober tot Woensdag, 4 November by me Van Rensburg in die finansiële kantoor beskikbaar wees vir besigtiging. Die ouervergadering vir die goedkeuring van die begroting vind dan op 5 November in die skoolsaal plaas, soos reeds vantevore aan u deurgegee.

6. BEVORDERING

Ek maak graag van die geleentheid gebruik om mnr. Sias Botha hartlik geluk te wens met sy bevordering. Mnr Botha is aangestel as hoof by Hoër Volksskool Heidelberg vanaf 2 November. Ons is baie trots op hom in sake hierdie prestasie.

Ek wil mnr. Botha bedank vir al die positiewe insette en bydraes wat hy die afgelope vyf jaar hier gemaak het. Ons gaan hom mis, maar gun hom hierdie geleentheid.

Ter afsluiting, baie dankie aan elke ouer vir u volgehoue begrip en ondersteuning die afgelope kwartaal. Dit was 'n lang en moeilike tyd, maar deur die Here se genade is ons daardeur en het

ons groot seën ontvang. Daarvoor loof ons Hom ook!

Ek hoop dat u en die kinders lekker sal rus in die vakansieperiode en almal op 2 November weer veilig terug sal wees by die skool.

Vriendelike groete.

A handwritten signature in dark ink, appearing to read 'Antoinette Dowd'.

Antoinette Dowd
HOOF